

Sing vooraf staande: Psalm 146:1, 2, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:12, 13 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.
- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe^oen skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Skrifberyming 5-1:1, 4, 6 (6:1, 4, 6)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit,
want hul weet nie wat hul doen nie." / As Hy so sy bedede bid,
dan weerklink daar, slag na slag, / hamerhoue van die wag.
- 4 Middagklare son word duister: / deur die duister noodgeskrei:
"O my God, my God en Helper, / waarom tog verlaat U My?"
Jesus sink, ná sware stryd / in dié dubb'le donkerheid.
- 6 Toe die offerwerk verby was, / na Gods hoë ordening,
het die Heer, sy daad deurgrondend, / uitgeroep: "Dit is volbring!"
En, die hoof omlaag gebuig, / het Hy sterwend dit betuig.

Skriflesing: Levitikus 16:1-34

Kernverse: Levitikus 16:15-22

Wanneer Aäron die bokram slag wat as sondeoffer vir die volk bedoel is, moet hy met die bloed agter die voorhangsel ingaan en daarmee doen soos hy gedoen het met die bul se bloed. Hy moet dit sprinkel op die deksel en voor die deksel. So moet hy die Allerheiligste reinig van die onreinhede van die Israeliete, van hulle oortredinge en al hulle sondes. Hy moet die tent van ontmoeting ook op dieselfde manier reinig, want dit staan by die volk met al hulle onreinheid. Niemand anders mag in die tent van ontmoeting wees vandat Aäron ingaan om in die heiligdom versoening te doen totdat hy uitgaan nie: hy doen versoening vir homself, die priesters en die hele gemeente Israel. Daarna moet Aäron uitgaan na die altaar toe in die teenwoordigheid van die Here en dit reinig: hy moet die bloed van die bul en van die bokram rondom al die horings van die altaar smeer en met sy vinger van die bloed sewe keer op die altaar sprinkel. So moet hy die altaar reinig van die onreinheid van die Israeliete en dit wy.

Nadat Aäron die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar gereinig het, moet hy die lewende bok naderbring. Terwyl hy dan sy twee hande op die kop van die bok lê, moet hy al die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete daar bo-oor die bok bely. Sodoende sal hy die sonde op die kop van die bok oordra. Iemand wat beskikbaar is, moet dan die bok die woestyn injaag. So sal die bok al die sonde met hom saamdra na 'n onherbergsame streek toe en daar in die woestyn moet hy agtergelaat word. (Levitikus 16:15-22 AFR1983)

Tema: Ons sondes afgewas en weggedra deur Christus

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, by ons mag nooit enige twyfel daaroor bestaan dat die Here van sy kant af 'n naby en intieme verhouding met sy mense wil hê nie. Trouens, met elkeen van die offers wat in die boek Levitikus beskryf word, is dit een van die belangrikste fokuspunte. Met die brandoffer leer die Here ons dat ons onself geheel en al aan Hom kan toewy. Omdat Hy met ons 'n naby verhouding wil hê, mag ons van ons kant af ook 'n intiem persoonlike verhouding met Hom hê. Met die graanoffer leer die Here ons dat Hy nie net onself in die verhouding met Hom betrek wil hê nie – ook ons daaglikse werk is deel van ons verhouding met die Here. So ook is ons verhoudings met ander mense, familie of vriende, deel van ons verhouding met die Here. Daarom het die Here die maaltydoffer gegee sodat sy mense in sy heerlike teenwoordigheid hulle verhouding met mekaar kan versterk.

Maar natuurlik is die mens nie sommer net mens nie. Diep in sy wese is die mens 'n gevalle mens, 'n sondaar. Daarom gebeur dit ook dat die mens verkeerde dinge doen en sê sonder dat hy en sy werklik daarvan bewus is dat dit verkeerd is. Dit is hierdie verkeerde dinge, hierdie sondige woorde en dade, wat 'n bedreiging is vir die mens se verhouding met God. God is immers heilig en volmaak goed en Hy kan die sonde geensins verdra nie. Tog wil die Here hê dat sy mense in hierdie naby en intieme verhouding met Hom bly lewe. Daar mag nie verwydering tussen die mens en God kom nie. Daarom het die Here twee offers gegee – die skuldoffer en die sondeoffer – sodat die mens weer na die Here kan terugkeer wanneer daar deur sonde 'n verwydering gekom het.

Met hierdie twee offers wat die Here aan Israel gegee het, het Hy die moontlikheid gegee dat elke liewe mens weer van die besmetting van die sonde skoon kon kom en met God versoen word. Daar mag niks wees wat die mens verhinder om na die Here toe terug te keer nie. Dus, van die Here se kant af, geliefdes, kan ons seker wees dat Hy alles moontlik doen sodat sy mense naby Hom kan bly lewe.

Nou ken die Here ons mense egter baie beter as wat ons onself ken. Hy weet ook dat die mens sonder opset kan vergeet dat hy of sy sonde gedoen het. So 'n sonde, wat 'n mens vergeet het, is natuurlik nie onskadelik omdat 'n mens so maklik daarvan vergeet nie. Sonde bly gevaarlik, al is ons nie altyd bewus van die sonde nie. En al het ons lankal van daardie sonde vergeet, het ons sonde nog steeds die Heilige Gees bedroef. Daarom moet ook hierdie sondes waarvan mense al lankal vergeet het, uit die weg geruim word. Vir hierdie rede het die Here die Groot Versoendag ingestel. In eenvoudige taal gesê: die Groot Versoendag was daardie groot skoonmaak wat een maal 'n jaar plaasgevind het om al die vuil wat oorgesien is met die gereelde skoonmaak weg te neem.

Wat die offers op die Groot Versoendag betref, fokus die Heilige Gees ons aandag vanoggend net op die twee bokramme as sondeoffer vir die gemeente van Israel. Ons moet sommer aan die begin goed daarop let dat die twee bokramme nie twee verskillende offers is nie. Die twee bokramme is een offer – die sondeoffer vir Israel. Aäron moes lootjies trek oor die bokke. Die een bok word vir die Here geloot en hy moet as sondeoffer vir Israel geslag word. Die ander bok word vir Asásel geloot en hy moet bly lewe.

Die bok wat vir die Here geloot is se bloed word in 'n kom opgevang wanneer hy geslag word. Met hierdie bloed gaan die hoëpriester nie maar net in die heilige deel van die tent van ontmoeting in soos met die gewone sondeoffer nie. Met hierdie bloed moet hy tot agter die voorhangsel in die Allerheiligste deel van die tent van ontmoeting ingaan waar die verbondsark met die goue deksel staan. Dan moet hy die bloed op die deksel van die verbondsark sprinkel en sewe maal op die grond voor die deksel. Die Here sê self wat die gevolg hiervan is. Die bloed reinig die Allerheiligste van die onreinheid van Israel, van hulle oortredings en al hulle sondes.

Dan kom die hoëpriester uit met die bloed en smeer daarvan aan die horings van die brandofferaltaar en sprinkel die bloed sewe maal bo-op die altaar. Sodoende word die altaar gereinig van die onreinheid van die Israeliete. Hierdie handeling maak ook duidelik hoe verskriklik sonde werklik is. Dit is nie net die mens wat sondig wat besmet is nie, maar alles rondom hom, selfs die Allerheiligste deel waar die troon van God is, word besmet deur die sonde. Die bloed van hierdie eerste bok het dan al die sondes van Israel afgewas.

Nadat die niere, die vet en die punt van die lewer van hierdie bok op die altaar verbrand is, is die res van die karkas geheel en al buite die kamp van Israel verbrand. Niemand, nie eers die priesters mag van hierdie vleis eet nie. Niemand mag enige voordeel trek uit die sonde nie.

Hierdie sondeoffer het soos al die ander offers vooruitgewys na die volmaakte offer wat ons hemelse Vader sou gee. Aangesien die bloed van bokke die sonde nie geheel en al kan verwyder nie, het Israel geleer om na 'n beter offer te verlang. Dit is die offer wat Jesus Christus aan die kruis kom bring het. In Hebreërs 9 sê die Heilige Gees: **met sy eie bloed het Christus net een maal in die heiligdom, in die hemel self, ingegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring.** Christus se bloed wat Hy gewillig vir ons gestort het, was

ons sondes geheel en al af. Met sy bloed word ons gewete weer skoon, word ons siel weer so wit soos wol, witter as sneeu.

Wanneer ons ons skuld opreg voor die Here bely, was die Gees ons met die bloed van Christus skoon. En wanneer ons voor die Here verskyn, lyk ons soos mense wat glad nie daardie verskriklike sondes gedoen het nie. Ons is skoon gewas van alles wat ons besmet het.

Geliefdes, wanneer 'n mens jousef in water was, gaan die vuil wat aan jou lyf was tog iewers heen. Dit verdwyn nie sommer net nie, dit gaan lê in die water. Die bloed van die bok wat die sondes van Israel afgewas het, het tog ook iewers heen gegaan. Aäron as hoëpriester het tydelik die skuld van Israel se sonde gedra om dit bo-oor die kop van die ander bok, die een vir Asásel, te bely wanneer hy sy hande op die kop van die bok lê.

Oor wat die betekenis van die naam Asásel is, is daar baie geskryf en ons kan baie daarvoor sê, maar die punt wat die Heilige Gees by ons wil tuisbring is dit wat met hierdie tweede bok gebeur. Nadat die hoëpriester al die sondes wat hy tydelik gedra het bo-oor die bok bely het, word die bok die woestyn ingejaag. Hierdie bok word nou die draer van Israel se sonde, sê die Here. Hy dra Israel se sonde die woestyn in, na 'n onherbergsame plek toe sodat hulle heeltelmal daarvan vry kan wees. Die bok vat die sonde na waar dit eintlik hoort, want sonde het die vermoë om iets wat mooi en kosbaar is in iets leliks en afskuweliks te verander.

Die woestyn is gesien as die plek waar die duiwel en sy bose geeste bly. Sonde hoort nie by die mense wat aan die Here behoort nie, maar by die duiwel en sy bose geeste. Daarom dra die bok vir Asásel die sondes weg na die woestyn toe. Met hierdie wegstuur van die sonde sê die Here: Satan, hier is die sondes wat jy gegee en georkestreer het. Jy kan jou eie goed nou maar terugkry. Jou bose dade en woorde het geen mag meer oor die Here se kinders nie.

Broers, susters en kinders, Jesus Christus het ook hierdie deel van die Groot Versoendag vir ons vervul. Jesus, ons enigste Hoëpriester, het al ons skuld op Homself geneem, nie om dit bo-oor 'n bok te bely nie, maar om dit self van ons af weg te dra. In daardie drie ure duisternis op Golgota, toe sy Vader Hom geheel en al verlaat het, het Jesus met die Satan en sy bose geeste te doen gehad. Hy het helse pyn en smart gely, want Hy het ons sondes weggedra en vir die Satan gaan teruggee. Om dit so te stel: Hy het vir die Satan gegee wat by die Satan hoort. Satan kan nou daarmee maak wat hy wil, maar sy boosheid het nie meer 'n sê oor die mense wat deur Christus aan God behoort nie.

Geliefdes, ons is inderdaad skoon gewas met die bloed van Jesus Christus. En omdat Jesus in daardie drie ure van bange Godverlatenheid ingegaan het, kan ons seker wees dat Hy ook ons sondeskuld geheel en al van ons af weggeneem het. Mag hierdie nagmaal ons elkeen weer verseker van hierdie groot genade van ons hemelse Vader.

Amen!

Skrifberyming 5-1:2, 7 (6:2, 7)

- 2 Aan die moord'naar, haas verlore, / word die hoogste guns bewys:
"Hede sal jul met My saam wees / in die vredesparadys."
Dan troos vrede^oin volle vloed / die verbryselde gemoed.

- 7 Laaste en luide roep van Jesus, / en dan skei Hy uit die vlees:
"Vader, in u veilige hoede, / in u hande ontvang my gees."
Aardse en helse raserny / snel ontwykend, is Hy vry.

Nagmaalsformulier

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Nagmaalviering

Skrifberyming 5-2

Skrifberyming 5-4

Nagmaalslotgebed

Psalm 103:2, 6 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.
- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit ewige mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende awendtrane, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 November 2011